

HOËRSKOOL OOS-MOOT

HANDELDRYF OP SKOOLPERSEEL

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING 2
2. DOEL VAN DIE BELEID 2
3. DOELWITTE VAN DIE BELEID 2
4. OMVANG VAN TOEPASLIKHEID 2
5. WETGEWENDE RAAMWERK 2
6. PROSEDURES 2
7. AANSPREEKLIKHEID 2
8. GOEDKEURING 3

WYSIGINGSGESKIEDENIS

Aard van wysiging	**Datum goedgekeur**
Eerste goedkeuring	

1. INLEIDING

Hierdie beleid se oorsprong ontstaan uit die feit dat daar uit kontraktuele verbindinge met die Hoërskool Oos-Moot handelgedryf word op die perseel van die skool. Die kontraktuele verbindinge plaas egter beperkings op die verkoop van produkte deur ander diensverskaffers op die skool se terrein en impliseer eksklusiwiteit vir die diensverskaffer in sekere opsigte.

2. DOEL VAN DIE BELEID

Die beheerliggaam van die Hoërskool Oos-Moot het hierdie beleid ontwikkel om riglyne te verskaf by die verkoop van produkte deur diensverskaffers soos deur die beheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot aangestel. Die beleid dien om die skool asook die diensverskaffers te beskerm teen enige verliese deur enige partye veroorsaak deur die onwettige verkoop van enige produkte op die skool terrein.

3. DOELWITTE VAN DIE BELEID

- Om riglyne te verskaf oor die wettige handel van enige produkte op die skoolterrein.
- Om riglyne te verskaf by geleenthede waar daar van ander diensverskaffers as die gekontrakteerde diensverskaffer gebruik gemaak word.

4. OMVANG VAN TOEPASLIKHEID

Hierdie beleid is van toepassing op alle persone wat produkte op die terrein van Hoërskool Oos-Moot verkoop waar hierdie verskaffer nie in besit is van ‘n wettige ooreenkoms tussen hom/haarself en die beheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot nie.

5. WETGEWENDE RAAMWERK

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), soos gewysig.
- Die Suid-Afrikaanse Skole, 1996 (Wet No. 84 van 1996), soos gewysig.

6. PROSEDURES

Enige persoon (ook leerders) wat verkope van welke aard ook al wil dryf, sal eers skriftelik toestemming by die beheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot moet verkry. Enige persoon wat verkope sonder die nodige goedkeuring dryf sal aanspreeklik gehou word vir enige skade en nadeel gelei deur die skool of goedgekeurde diensverskaffers soos deur die beheerliggaam aangestel.

7. AANSPREEKLIKHEID

Enige persoon/e (ook leerders) wat hom/haarself aan die onregmatige verkoop van produkte op die skoolterrein skuldig maak sal aanspreeklik gehou word vir enige skade of nadeel gelei deur goedgekeurde kontraktuele diensverskaffers soos deur die beheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot aangestel.

Enige leerder/s of persone wat hul self skuldig maak aan die handel van onwettige produkte of middele sal volgense die Suid-Afrikaans Skolewet van 1996 hanteer word. Só tipe onwettige handel kan lei na onmiddelike skorsing en ’n verhoor soos deur die Beheerliggaam bepaal.

8. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goed gekeur op ‘n Beheerliggaam vergadering van die Hoërskool Oos-Moot.